God op ons pad of ...

ons op God se pad?

In Psalm 1 word beelde vir die mens se lewe gebruik: die *raad* van die goddelose, die *weg* van die sondaars en die *kring* van die spotters. In Psalm 18 word die lewensgang van 'n mens 'n "*weg*" genoem (vs 33). In die Ou Testament word God se volk tot bekering opgeroep: "Bekeer julle tog van julle bose weë" (Sag. 1:4). In Handelinge 2 noem Paulus die lewe van 'n mens 'n pad: "U het my die paaie van die lewe geleer" (vs 28). Die optrede van God in die mens word ook 'n "*weg*" genoem (Ps. 25:4; 27:11; Matt. 3:3).

By die skeidingspunt van 2011 en 2012 pas dit ons om aan dié *weë* te dink. God se weg en die mens se weg! Wat is die ordereëling in hierdie geval? Kom God en stap saam met my op mý lewensweg, of gaan ek saam met God op sý weg vir my? Watter een kry die prioriteit? God se weg of my weg?

'n Mens kan ja sê – God gaan saam op my lewensweg. Met sy hemelvaart het Christus vir die dissipels gesê dat Hy met hulle sal wees tot met die wederkoms (Matt. 28:20). Daaruit lei ons af dat Christus met die gelowiges is op hulle weë deur die gang van die eeue. Toe Josua by die intog in Kanaän God se opdragte ontvang, sê God vir hom: "Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees" (Jos. 1:5). 'n Mens wil amper sê dat God met Moses meegegaan het op sy weë en dat die belofte nou vir Josua herhaal word, dat God ook op sy weg met hom sou meegaan.

God maak ook bekend dat mense saam met Hom gaan op sý weg. Aan Abraham sê God dat hy en sy nageslag beveel word "om op my pad te bly" (Gen. 18:19). By Sinaiberg sê God vir Israel: "Bly op die pad wat die Here julle God vir julle aangewys het (Deut. 5:33). Dawid bely: "Ek het die weë van die Here gehou" (Ps. 18:22). Van Henog word geskrywe: "Henog het met God gewandel" (Gen. 5:24; Heb. 11:5).

Wat is die antwoord? Een vraag met twee antwoorde! By sy bekeringmoment op die pad na Damaskus vra Paulus: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" (Hand. 9:6). Hiermee sê Paulus dat hy 'n medewerker met God is en nie dat God meewerk met die planne en insigte van Paulus nie.

Dit kom voor of hierdie waarheid nie altyd deur gelowiges verstaan word nie. Die oorsaak is omdat ons God nie altyd begryp nie en veral omdat ons kruis-sku is. Tussen Christene klink dit asof daar in gebede gesê word: Nie u wil nie, Here, maar laat my wil geskied. So word daar in hart en verstand gedink. Al waaraan ek kan dink, is dat die pad wat ek vir myself uitgedink en beplan het, die allerbeste is. Daarom bid ek so en verwag dat God daarby sal inskakel. God, wat ons beter ken as onsself, gaan dan dikwels met ons mee, om geduldig af te wag totdat ons geleer het om te sê: "Nie my wil nie, Here, maar u wil".

In 1 Johannes 5:14-15 sê God deur die pen van die apostel Johannes: "En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra."

Wat sal ons van God vra? Waarvoor sal ons bid? Paulus skryf: "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie" (Rom. 8:26).

Vanweë die sonde weet jyself nie eens wat vir jou goed is nie. Dit weet God alleen. Waar Christus ons wil verlos, hou ons die aardse dinge krampagtig was. Wat God ons weerhou, dit begeer ons dikwels. Dit is soos 'n ma wat met haar kind 'n speelgoedwinkel binnestap en hom vra wat begeer hy en watter speelding is vir hom mooi. Sy gee dit vir haar kind, maar sien verlangend uit na die oomblik wat sy vir die kind kan gee wat werklik goed is vir hom.

So is dit ook in ons lewe. Hoe dikwels vra ons iets as klein kindertjies en God handel met ons na sy groot genade en barmhartigheid en wag totdat ons bereid is om aan te neem wat Hý ons wil gee.

In die jare van jou lewe wat agter jou lê, het God dikwels met moeite meegegaan veral op paaie waar ons "goeie werke" opgeskryf is. God help jou met die doel dat jou oorgawe aan Hom só mag wees dat jy saam met Hom sal gaan op sy weë.

God sê: "My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos myne nie, soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes" (Jes. 55:8-9). CNM